

GALLONIMAGES/GETTYIMAGES.COM



Cashbuild
help jou dwars-
deur die winter
warm bly

E

EN van die groot lekkertes van die winter is om ná 'n lang, koue dag jou bibberende

lyf in die saligheid van 'n warm bad te laat wegsink. Maar dan wil jy nie tot jou skok ontdek jou badwater voel meer soos die yswater van die Suidpool as die tropiese water om die ewenaar nie...

Geisers wat die gees gee, is nooit 'n aangename ervaring nie, allermens in die winter. Cashbuild stem saam. Hy is trouens soos 'n kampvegter vir verbruikers wat geisers betref. Met die ekonomie wat ál geniepsiger knyp, wil die maatskappy hê jy moet weet jy kan op sekere dinge staat maak om konstant en betroubaar te bly – soos 'n goeie geiser – en dat jy steeds 'n goeie produk teen 'n bekostigbare prys in die hande kan kry.

Cashbuild, Suid-Afrika se grootste boumateriaalhandelaar, neem soos 'n ware markleier die voortou. Daarom sorg hy dat hy al sy bekostigbare produkte soos geisers net van maatskappye met 'n goeie reputasie soos die Franke-groep kry. Hierdie wêreldleier met 'n tak in Gauteng het meer as 'n eeu se ondervinding van die voorsiening en verkoop van 'n wye reeks huishoudelike produkte in veertig lande. Dit sluit sy wêreldklas-geisers in.

Dit is beslis lonend om met net die beste tevrede te wees en dit geld ook vir Cashbuild. Standard Bank Versekering Beperk het Cashbuild Suid-Afrika onlangs as lid van sy paneel voorsieners van geisers aangewys. Dit beteken as jy dekking van Standard Bank Versekering geniet, jy 'n topgehalte-geiser met die Franke-

Bly in die WARM WATER

handelsmerk sal kry wanneer jou huidige een jou in die steek laat.

Op soek na gemoedsrus? As jy 'n Franke Supaflo-geiser van roesbestande vlekrye staal in jou huis installeer, kry jy 'n vyf jaar lange waarborg op die binne-silinder, 'n twee jaar lange waarborg op die kleppe en 'n jaar lange waarborg op die elektriese komponente.

Dis hoogs onwaarskynlik, maar as jy dieselfde of 'n soort-

gelyke Supaflo-geiser by 'n ander verskaffer of in 'n advertensie teen 'n laer prys en in voorraad sien, sal Cashbuild jou die verskil uitbetaal.

■ **Bel Cashbuild se hulplyn by 0860-100-582 vir nog inligting.**

Meer oor die Franke-reeks

■ Die Franke Supaflo-geisers word eksklusief vir Cashbuild vervaardig en is in die volgende groottes te kry: 100 liter

(R1 595), 150 liter (R1 695) en 200 liter (R2 695).

■ Die Franke Standard Dual-geisers is in die volgende groottes te kry: 100 liter (R1 905), 150 liter (R2 065) en 200 liter (R3 225).

■ Franke Supaflo-geisers word vir vier jaar en Franke Standard Dual-geisers vir vyf jaar gewaarborg.

WARM FEITE

■ Kies 'n loodgieter wat by IOPSA (die instituut vir loodgieters in Suid-Afrika) en SAIA (die Suid-Afrikaanse versekeringsvereniging) geregistreer is om jou geiser te installeer.

■ As jy jou geiser deur 'n ongekwalifiseerde loodgieter laat installeer, stel jy nie net jou eie lewe in gevaar nie, maar jou versekering dek ook nie die geiser as dit breek nie.

■ Volgens SAIA is daar in 2006 maandeliks na raming tussen 30 000 en 40 000 geisers in Suid-Afrika geïnstalleer. Daarvan het die versekeringsbedryf 65 persent gedek. Dit kos die bedryf sowat R300 miljoen per jaar.



Cashbuild gaan binnekort Franke se ondersteunings-sonpaneel-geiser bekend stel. 'n Ten-volle geïnstalleerde 150 liter-eenheid sal dit jou naastenby R10 000 kos. Verbruikers wat hierdie stelsel installeer sal 'n terugbetaling van sowat R2 000 van Eskom ontvang. Cashbuild en Franke sal vir 'n beperkte tydperk dié sonpaneelstelsels, wat aan SABS-standaarde voldoen, teen 'n bekostigbare prys verkoop.